# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 313 · 18 Augustus 2023**


Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

## FRAMESBY VERNIETIG MARLOW

Framesby vs Marlow
1ste wen 30 - 25
2de wen 10 - 5
0.16 A wen 24 - 0
0.15 B wen 13 - 5
0.14 A wen 38 - 15
0.14 B wen 60 - 0
0.15 A verloor 3 - 24
0.15 C verloor 7 - 10
0.16 B verloor 15 - 23
5de verloor 5 - 27
4de verloor 26 - 36
3de verloor 5 - 41



## NETBAL VAAR UITSTEKEND BY SA TOPSKOLE

### EINDIG ALGEHEEL 4DE IN SUID-AFRIKA

o.17

Bokomiso 15-6 wen

Keimoes 24-0 wen

Affies 8-10 verloor

Wesvalia 6-6

Nelspruit 15-9 wen

Bloemhof 13-11 wen


Paarl Gim 3-20 verloor

Waterkloof 8-12 verloor



FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

## KLUB 1000/100 *barometer*




**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR: SUNRIDGE VILLAGE**

o.14

Affies 3-18 verloor

Machakela 14-0 wen

Thiawelo 14-7 wen

Sentraal 9-11 verloor

Frikkie Meyer 12-9 wen

Upington 13-12 wen

Bellville 1-13 verloor




o.16

Rustenburg 14-9 wen

Affies 10-16 verloor

Tshiawelo 23-8 wen

Dendangifundu 17-4 wen

Helpmekaar 21-5 verloor

Ben Vorster 17-12 wen

Transvalia 6-10 verloor

Nelspruit 14-8 verloor




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# SPORTUITSLAE:

Seunshokkie:
teen DF
0.16A seuns gelyk 1-1
1st seuns verloor 1-3

Tennis:
Die top 8-seuns het Vrydag 11 Aug teen Marlow op die tennisbaan meegeding. Na harde wedstryde het Framesby ongelukkig 13-11 verloor. Chrisstian Viljoen en Eben Peens het hulle enkelwedstryde gewen. Eben Peens en Jeanré Smook sowel as Chrisstian Viljoen en Kayden du Toit het hulle dubbelwedstryde gewen.



# BUITESPORT

Megan Vorster het die afgelope naweek deelgeneem aan Sanesa waar sy Hoërskool Framesby by PE Riding Club verteenwoordig het.

Saterdag - Show Jumping Competition 60cm - 1ste

Sondag - Show Jumping Championships 60cm - 2de





## VERJAARSDAE DIE WEEK

**SATERDAG • 19 AUGUSTUS**
Avelin Thompson
Danel vd Nest
Ilke Wolmarans

**SONDAG • 20 AUGUSTUS**
Mnr. K. de Villiers
Estee Fourie
Tyler Wannenburg

**MAANDAG • 21 AUGUSTUS**
Tristan Afrika
De Wet Fourie
Luhein Frazenburg
Frans-Christiaan Huyser
Nikita Seaman
Megan Vorster

**DINSDAG • 22 AUGUSTUS**
Simone Jacobs
Enrico Meyer

**WOENSDAG • 23 AUGUSTUS**
Mnr. D. Barnard
Juffrou J. Fourie

**DONDERDAG • 24 AUGUSTUS**
Juffrou B, jv Rensburg
Zadriaan Gouwd
Franco Hewitt
Jade Joubert

**VRYDAG • 25 AUGUSTUS**
Ruben Bouwer
Lika O'Neill
Zandre Schnetler
Kelly Schoeman
Nicke van Rooyen



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# SENIOR EN JUNIOR DEBATSPANNE SEËVIER IN DINK-OF-SINK-SKOLEDEBATSKOMPETISIE

Hoërskool Framesby het op Vrydag, 11 Augustus as die eerste gasheerskool van die bekende Dink-of-Sink-skoledebatskompetisie in die Oosstreek opgetree. Die kompetisie is reeds 'n jaarlikse instelling in die Wes-Kaap, Vrystaat, Limpopo en Gauteng.

Hierdie kompetisie, wat deur Afriforum geborg word, bied aan leerders die geleentheid om in spanne van drie aan onvoorbereide debatte teen mekaar mee te ding.

Ons senior spanne het bestaan uit: Framesby 1 met Alouise Vosloo, Ané Retief en Mieke Jamneck, Framesby 2 met Ilze Hattingh, Zanri Black en Milla van der Merwe en Framesby 3 met Alexia Meiring, Carla van Jaarsveld en Amari Gouws. Ons junior span het bestaan uit: Therese Otto, Francois Smit en Jané Steyn.

Die spanne het aan drie debatte elk deelgeneem en het hul uitstekend van hul taak gekwyt om kreatief te dink oor onderwerpe soos 'Ouers moet/moenie weet wat op hul kinders se selfone aangaan (nie)' en 'Leerders moet/moenie insae hê in die keuse van voorgeskrewe boeke (nie)' .

Aan die einde van die dag se debatte is nie net Hoërskool Framesby se span met Ilze Hattingh, Zanri Black en Milla van der Merwe aangewys om tydens die aand se finaal teen die span van Hoërskool Despatch deel te neem nie, maar ook ons junior span met Therese Otto, Francois Smit en Jané Steyn teen die span van Hoërskool Nico Malan.

In die naelbytfinaal tydens die gala-aand in die saal, het beide ons spanne as wenners van die Oosstreek-rondte uit die stryd getree, en dring hulle deur na die finaal van die Dink-of-Sink-skolekompetisie Pretoria in Oktober. Daar sal hulle teen die wenners van die Wes-Kaap, die Vrystaat, Limpopo en Gauteng te staan kom. Hulle stap ook elkeen weg met 'n pragtige trofee en geskenkbewys van Takealot. Framesby is baie trots op julle!














SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# SWEMUITSLAE:

Anri de Beer het op 12 en 13 Augustus 2023 aan die Madibaz Gala by die Newton Park swembad deelgeneem.
Haar uitslae was as volg:
Individuele Items:
200 m Rugslag: 1ste (Goud)
50 m Rugslag: 2de (Silwer)
400 m Vryslag: 4de
800 m Vryslag: 4de
100 m Vryslag: 6de

Aflos:
4 x 50 m Vryslag Aflos: 2de (Silwer)





# JUDO COMMONWEALTH 2023:

Resultate van die Commonwealth wat 3 tot 6 Augustus 2023 in Port Elizabeth gehou is.

Stefan Ferreira het ñ 2de plek  in Groep 4 seuns onder 46kg behaal.
Anke Niemand het ñ 3de plek in Groep 4 dogters onder 52kg behaal.






# INTERSKOLE: EERSTE SKOTE KLAP!

Die o.15A-netbalspan wen hulle interskole wedstryd met 32-4!




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# PIETER SPEEL 50 WEDSTRYDE VIR ISTE HOKKIESPAN

Baie geluk aan Pieter Snyders wat 50 wedstryde vir die eerste hokkiespan gespeel het. Ons is baie trots op jou!!



# SKOOLFOTO'S

Individuele foto's, klasfoto's asook sport- en kultuurfoto's kan nou bestel word.

- Laaste dag vir bestellings vir die eerste rondte foto's 31 Augustus.
- Tweede Fotodag word die res van die foto's op 27 September 2023 geneem.
- Bestellings word deur https://dirkmoggee.co.za/client-galleries/ geplaas.
- Wagwoord: framesbyfotos2023
- Sodra jou bestelling geplaas is via die webtuiste, sal jy 'n e-pos met betalingsbesonderhede ontvang.
- Geen bestelling sal gedruk of geprosesseer word voor betaling ontvang is nie.
- Die eerste rondte foto's sal teen 20 September by Die Hanger beskikbaar wees.
- Vir enige navrae, kontak gerus ordersdmpv@gmail.com

# BAIE WELKOM MNR. BOTHA

Framesby verwelkom vir mnr. Dawid Botha. Mnr. Botha staan in vir mev. Nell wat op kraamverlof is.

Ek is 78 jaar oud. Ek het na 30 jaar as Departementshoof by Hoër Volkskool afgetree. Ons het na PE verhuis en ons hier kom vestig. Na 'n maand van rus het die hoof van Otto du Plessis my geskakel om tydelik LW Graad 10-12 en NW Graad 8-9 te kom gee. Die kwartaal het toe 16 jaar geduur. Op 76 jaar het ek besluit genoeg is genoeg. Op sportterrein het ek in drie sportsoorte Provinsiale kleure verwerf nl. swem, atletiek en rugby. Ek het ook verkeie jare Craven Week rugbyspanne afgrig. In Framesby gee ek tans NW vir Graad 8-9 en LW vir Graad 11-12. Die personeel van Framesby is baie behulpsaam, wat ek waardeer. Die leerlinge in Framesby is ook baie vriendelik en behulpsaam. Ek kan sien dat ek my tyd hier baie sal geniet.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Hierdie plaas ek ter versterking van u ouerskap.

## Liewe ouer, dís jou taak

**Is jy 'n Uber-ouer, 'n helikopter-ouer, 'n stootskraper-ouer of dalk 'n droogskoonmaker-ouer? Jeanette de Klerk-Luttig verduidelik wat ouers kan doen om onderwysers te help om in 'n vennootskap om te sien na kinders.**



"Jou primêre taak is nie om jou kind gelukkig te maak nie, maar om 'n kind met karakter groot te maak. Jy is jou kind se ouer, tree só op en moenie bang wees om grense te stel ter wille van hul veiligheid en welsyn nie." Foto: ISTOCK



*Dr. De Klerk-Luttig is verbonde aan die kantoor vir morele leierskap van die Universiteit Stellenbosch.*

Die verhouding tussen die opvoedingstaak van ouers en die van onderwysers het CJ Langenhoven só opgesom: "Jy kan mense betaal om vir jou kinders se geleerdheid te sorg, vir hul opvoeding moet jy self staan."

Vroeg in Opvoedkunde 101 leer studente dat ouers die primêre opvoeders van hul kinders en onderwysers die sekondêre opvoeders is, maar in ons land is dit nie so eenvoudig nie, want daar is net te veel stukkende gesinne.

Volgens die Verenigde Nasies se kinderfonds (UNICEF) is daar tussen 3,4 miljoen en 4 miljoen weeskinders in Suid-Afrika en in 42% van gesinne in ons land word kinders deur enkelma's grootgemaak.

Tussen Maart 2021 en April verlede jaar het meer as 138 000 skoolmeisies tussen tien en 19 jaar boonop geboorte gegee.

Dit is 'n tragiese, onhoudbare situasie, want kinders moet dan kinders grootmaak.

Onderwysers is in soveel leerlinge se lewe die enigste volwasse opvoeder en hulle is dikwels dan nie net onderwyser nie, maar ook plaasvervangende ouers. Hulle moenie net deur die oorvol kurrikulum kom nie, maar kinders ook maniere leer, karakter bou, trane afvee, ondersteun en van kos voorsien – en dit alles in dikwels oorvol klaskamers.

Maar 'n skool bly 'n skool en dit is nié 'n plek van terapie of 'n rehabilitasiesentrum nie. Skole en onderwysers kan nie alles wat in die samelewing skeefloop, regstel nie en dit kan ook nie van hulle verwag word nie. Dit is onhaalbaar en plaas 'n te groot en onrealistiese las op onderwysers. Ouers weer kan nie hul verantwoordelikhede aan onderwysers uitkontrakteer nie.

WATTER OUER IS JY?

Die ideaal is dat ouers en onderwysers as vennote sal saamwerk om kinders te begelei om selfstandige, verantwoordelike en gelukkige volwassenes te word. Ter wille van die goeie

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

funksionering van 'n skool en die welsyn van almal betrokke, is daar 'n paar dinge wat onderwysers van ouers verwag:

• Leer jou kinders asseblief basiese maniere by die huis. Dit impliseer dat ouers tuis die kernwaarde van respek moet vestig, want respek vorm die grondslag van goeie maniere. Leer jou kinders hoe om respekvol met ander te praat, hoe om met aandag te luister, hoe om beurte te maak en te deel. Die basiese gebrek aan respek by leerlinge maak dit baie moeilik vir onderwysers om hul werk te doen en dit tap hul energie en motivering. Oneerbiedigheid van leerlinge teenoor mekaar en teenoor onderwysers is een van die hoofoorsake waarom talle goeie leerkragte die onderwys verlaat. Ouers besef dikwels nie met hoeveel ongedissiplineerdheid en oneerbiedigheid onderwysers daagliks gekonfronteer word en hoe erg die voortdurende laegraadse terrorisering deur leerlinge kan wees nie. Hulle weet nie waartoe hul kinders onder die invloed van negatiewe groepsdruk in die klas in staat is nie.

• Wees betrokke by jou kinders en wees daar vir hulle. Gesels met hulle en luister na hulle sonder om dadelik raad te gee. Doen elke dag minstens een aktiwiteit saam met jou kinders, eet saam aandete of kyk 'n TV-program saam. Vra 'n bietjie meer uit oor watter onderwerpe hulle in sekere leergebiede behandel. Lees hul voorgeskrewe boeke en gesels daaroor. Gesels met hulle oor wat in die land en die wêreld gebeur en hoor wat hulle dink. Maar onthou, jou kind is 'n individu en nie 'n kopie van jouself – met al die foute en tekortkominge weggedokter – nie.

• Kinders se deelname aan sport en kultuuraktiwiteite is belangrik vir hul ontwikkeling en dit behoort eendag deel van hul goeie herinneringe aan skool te wees. Die meeste leerlinge neem aan sport deel vir die pret, om te behoort en om vaardighede te ontwikkel, maar ouers moet waak teen 'n beheptheid met wen. Die idee van wen ten alle koste plaas geweldige druk op leerlinge en dit lei soms tot 'n vrees vir verloor. Volgens medici is daardie vrees om te verloor of om selfs net tweede te kom die oorsaak van onverklaarbare "sportbeserings". Die skool is nie primêr daar om sportbyeenkomste te wen nie, al voel dit nou met interskole wel so. Skolesport en die kulturerle aktiwiteite is belangrik, maar gun jou kind 'n aangename skoolloopbaan sonder die konstante druk om te moet wen.

• Wees betrokke by die skool en moenie 'n Uber-ouer wees wat net jou kind soggens aflaai en wegry, en na skool oplaai en verder niks van die skool weet nie. Lees asseblief die skool s e nuusbrief en help waar jy kan sonder om oor te neem. Stel belang in jou kind se skoolaktiwiteite en woon jou kind se optredes by, al speel hulle nie in die eerste of tweede span nie, maar moet asseblief nie 'n helikopter-ouer wees wat gedurig bo die skool bly hang nie. Handhaaf die fyn balans tussen betrokke wees by die skool en jou kind se skoolwerk sonder om daardie ouer te wees wat gedurig in die hoof se kantoor is en inspraak wil lewer oor alles.

• Moenie 'n stootskaper-ouer wees wat alle moontlike probleme of struikelblokke voor jou kinders wil wegstoot en die pad vir hulle wil gelykmaak nie. Daar is in elke vak en graad moeilike werk waarmee die meeste leerlinge maar moet spook om dit baas te raak, maar so leer hulle om vas te byt. Moet asseblief nie jou kinders se take en huiswerk vir hulle doen nie. Laat hulle dit liewer self doen en minder punte kry en so leer hoe om dit te doen, want jy doen jou kind 'n groot onguns aan wanneer hulle nie self leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul werk nie. Hulle val dan vining uit wanneer hulle verder studeer en sukkel ook in die werkplek, want hulle het nie geleer om vas te byt en verantwoordlikheid vir hul werk te aanvaar nie. Net soos verwaarlosing, is oorbeskerming nie goed vir kinders se gesonde ontwikkeling nie.

• Dit moet vir ouers 'n beginselsaak wees om hul kind se skoolgeld te betaal. Al kan jy dan nie DSTV bekostig nie, betaal eers die skoogeld en wys daarmee dat jou kind se ondwerwys vir jou belangrik is.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

• Dink goed voordat jy ‘n onderwyser by die skool kom konfronteer. Maak seker dat jou kind die volle waarheid gepraat het en onthou dat ‘n saak meer as een kant het. As jy iets met ‘n onderwyser wil bespreek, maak ‘n afspraak om die onderwyser te sien.

• Moet asseblief nooit onderwysers voor kinders afkraak nie en moenie deelneem aan WhatsApp-groepe wat voortdurend alles kritiseer wat onderwysers doen of sê nie. ‘n Gr. 3-seuntjie het byvoorbeeld met groot bravado aan sy juffrou gesê: “Juffrou, ek hoef nie na juffrou te luister nie, want my pa sê sy sekretaresse kry meer geld as juffrou.”

• Onderwysers is ook mense en – anders as alle ander professionele beroepe – sien hulle tussen 25 en 40 mense elke uur. Natuurlik is jou kind belangrik, maar al is jou kind die prins of prinses in jou huis, is daar in die klaskamer tussen 25 en 40 prinse en prinsesse wat om die aandag van een persoon meeding. Die onderwyser kán eenvoudig nie die hele tyd na alle kinders se behoeftes omsien nie. Onderwysers maak ook foute, want ons is ook mense. Onthou dat leerlinge elke dag ‘n “video” maak van wat by die huis gebeur en dit dan by die skool gaan speel.

• Tegnologie maak dat onderwysers minder tyd vir hul private lewe het. Moet asseblief nie onderwysers gedurig saans en naweke via sosiale media pla nie. Hulle moet dan vraestelle opstel, beplan, lesse voorberei, asem skep en batterye herlaai.

• Sover dit moontlik is, verseker ‘n stabiele roetine in die huis, want dit skep ‘n gevoel van veiligheid. Kinders en tieners het genoeg slaap nodig om te kan byhou by die druk program by die skool. Dit is baie moeilik om klas te gee vir kinders wat so moeg is dat hulle nie hul oë kan oophou in die klas nie. Skep ook van jongs af gesonde werkgewoontes by die huis. Waak daarteen om ‘n droogskoonmaak-ouer te wees wat jou kind soggens emosioneel en fisiek in ‘n gehawende toestand by die skool aflaai en dan verwag om ‘n netjiese, gelukkige, uitgesorteerde kind op te laai ná skool.

• Onthou dat jou kind se karakter op die lang duur belangriker is as jou kind se prestasies. Fokus daarom op die ontwikkeling van jou kind se karakter en die vestiging van kernwaardes in die huis. Baie ouers wil graag hê dat hul kinders gelukkig sal wees, meer as wat hulle wil hê dat hulle goeie mense sal wees. Maar jou primêre taak is nie om jou kind gelukkig te maak nie, maar om ‘n kind met karakter groot te maak. Jy is jou kind se ouer, tree so op en moenie bang wees om grense te stel ter wille van hul veiligheid en welsyn nie. Ons leef in ‘n rare tyd waar ouers begin skrikkerig raak vir hul kinders.

• Ten slotte: As ouers en onderwysers het ons ‘n gemeenskaplike doel, naamlik om die karakter van kinders te bou en hulle te help om die vaardighede en kennis te verwerf om hul plek as bevoegde, verantwoordelike volwassenes te kan inneem. Om die doel te kan bereik moet ons hande vat en saamwerk as vennote.

Ek lig die volgende belangrike punte uit:

AANMELDINGS – VERBODE MIDDELS/SKERP VOORWERPE

Ek wil dit onder u aandag bring dat ek as skoolhoof al hoe meer ingelig word rondom leerders wat verbode middels gebruik, asook leerders wat skerp voorwerpe by hul het.

Ouers, sodra ek die inligting ontvang en die bron vertroulik kan verifieer, en die vermoede bestaan by my dat dit so is, laat die wet my as skoolhoof toe om leerders te toets of te deursoek. Hierdie dra by tot die welstand en veiligheid van ons skool en u kinders.

Ek wil ook ‘n beroep op u doen om nie voorwerpe/wapens saam met u kind te stuur om hom te beveilig op pad skool toe nie.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Ek wil u ondersteuning in hierdie verband vra, want dit is beslis in die beste belang van u kinders.

B) GENERAL EDUCATION CERTIFICATE – GRAAD 9
Ek herinner u dat HS Framesby geïdentifiseer is as ‘n loodsskool vir die algemene onderwyssertifikaat wat leerders aan die einde van graad 9 gaan ontvang. Dit beteken dat ons graad 9-leerders op die volgende dae in die middae by die skool moet wees om hierdie projek af te handel wat deel sal wees van hul slaagpunt aan die einde van graad 9. Dit is verpligtend vir alle leerders. Die datums is as volg:

Maandag tot Woensdag 21 – 23 Augustus 2023
14:15 – 15:45

Maandag tot Woensdag 28 – 30 Augustus 2023
14:15 – 15:45

Die projekte word grootliks in die klas of gleuwe soos bo afgehandel. Dit is baie belangrik dat leerders by die skool sal wees en nie afwesig sal wees nie. Geen buitemuurse aktiwiteite vir graad 9-leerders op bogenoemde datums nie.

C) SEPTEMBER-VOORBEREIDINGSEKSAMENROOSTER GRAAD 12
Aangeheg is die finale September-voorbereidingseksamenrooster vir die graad 12-leerders.

D) NOVEMBER-EKSAMENROOSTER – GRAAD 12
Aangeheg die November-eksamenrooster van die Graad 12’s.

E) KERKDIENS 22 AUGUSTUS 2023 – GRAAD 12
Ons graad 12-leerders gaan om 12:00 ‘n gesamentlike kerkdiens met Bet-El skool te Doxa Deo bywoon in aanloop tot die voorbereidings- en finale eksamen. Die diens sal om 13:00 klaar wees. Leerders wat daarna nie saam met hul ouers beweeg nie, sal by die skool terugbesorg word en kan dan verdaag.

Leerders sal van 11:15 per bus wat deur die skool gereël word, vervoer word

Ouers van graad 12-leerders word ook genooi om die diens saam met hul leerders by Doxa Deo by te woon.

F) 23 AUGUSTUS 2023 – GRAAD 12
Hierdie is die laaste dag vir matrieks by die skool voor die voorbereidingseksamen. Die program vir die dag is as volg:

07:30 – 08:00 – BESOEK VAN VARSITY COLLEGE
08:00 – 09:00 – AFRIKAANS VERPLIGTE ASSESSERING
09:00 – 10:00 - VOORBEREIDING VAN AFRIKAANS VRAESTEL 3

Verdaag daarna om vir die eksamen voor te berei.

G) SKOOLBYWONING NA VOORBEREIDINGSEKSAMEN – GRAAD 12
Leerders moet na die voorbereidingseksamen elke dag skool bywoon.

H) SEPTEMBER-TOETRSREEKS
Aangeheg is die finale rooster vir die September-toetsreeks vir Graad 8 – 11.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

I) SGA
Ouers moet kennis neem van die datums op die almanak waar leerders toetse en ander SGA take moet afhandel.

J) AKADEMIESE DATUMS - GRAAD 12
21 Augustus – LW SGA-toets in toetsgleuf (Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid verval)

K) VERPLIGTE WISKUNDE OGGENDKLASSE (07:00)
Is as volg vir die res van die jaar:

Graad 11 is Dinsdae en Donderdae
Graad 10 is Woensdae

Ons sal waardeer indien ouers ons hierin kan ondersteun. Die kurrikulum vereis dat ons ekstra tyd hieraan spandeer.

L) REKENINGKUNDE KLAS [MNR. J DE JAGER] – GRAAD 10
Mnr. J de Jager sal nog vir ‘n geruime tyd afwesig wees na ‘n mediese prosedure. In hierdie tyd sal mev. M de Jager vir hom instaan.

M) FAKKELFLITS
Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

N) DIE HANGER
Sien weekliks die Fakkelflits vir inligting.

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: Die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.

**MARIUS GERMISHUYS**
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

DIE HANGER

# AANDAG ALLE GR.8-OUERS:

Ons is die volgende Saterdae oop vir aankope:

- 2 SEPTEMBER 09:00 - 12:00
- 30 SEPTEMBER 09:00 - 12:00
- 28 OKTOBER 09:00 - 12:00
- 25 NOVEMBER 09:00 - 12:00
- 2 DESEMBER 09:00 - 12:00
- 9 DESEMBER 09:00 - 12:00
- 16 DESEMBER 09:00 - 12:00

**CHARNELLE 082 342 8113**

**KATRIEN 072 407 0670**

**CHARNELLE@DIEHANGER.CO.ZA**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100

## WORD DEEL VAN ‘N HOËRSKOOL VAN UITNEMENDHEID

Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van ‘n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy nog in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan ‘n bydrae maak!

’n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar ‘n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursugtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.

Op Maandag, 7 Augustus 2023 sal daar ’n video aan ons ouers en oudskoliere uitgestuur word wat die hele proses verduidelik. Die video sal ook op ons Youtube-kanaal, webwerf en Facebook-Blad beskikbaar wees. Die debietordervorm sal op ons webtuiste onder die Klub 100/100 “tab” beskikbaar wees.

PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK

1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na rterblanche@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn.

Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.






# FRAMESBY OUDSKOLIERE

## ONS GESELS MET: DANÉ CRONJE






Ek het in 2015 aan Hoërskool Framesby matrikuleer.

Vanaf ‘n jong ouderdom het ek geweet ek wil in ‘n mediese rigting studeer. Ek het nog altyd ‘n passie gehad om mense in nood te kan help.

In my hoërskooljare was juffrou Smit, my Fisiese Wetenskaponderwyseres, ‘n groot inspirasie. Deur haar het ek ‘n passie vir toewyding en harder leer ontwikkel. Sy het my ook ‘n lewensles geleer: leer uit jou foute en verbeter. Haar entoesiasme vir die vak is aansteeklik. “Repetisie, repetisie, repetisie.”

Framesby het my vir die harde buitewêreld voorberei. Ek het tydens my Framesby-jare akademies presteer ten spyte van al my al my buitemuurse aktiwiteite: ek het hokkie, netbal en tennis gespeel en ook aan atletiek, tweekamp en landlope deelgeneem.

Na my matriekjaar het ek vanaf 2016-2020 studeer aan die Universiteit van Pretoria, waar ek my graad in Tandheelkunde Cum Laude geslaag het. Ek het ook die SADA-brons- toekenning vir beste prestasie in Ortodonsie ontvang.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

Daarna het ek my Gemeenskapdiensjaar in Bloemfontein voltooi, asook ‘n uitdagende maand in Kroonstad deurgebring. In 2021 het ek ook sertifikaat in basiese “Botulinum toxin” en “Dermal fillers” behaal.

Vanaf 2022 is ek bevoorreg om by Medicross in Newtonpark te werk. Ek is tans besig met ‘n nagraadse diploma in Endodontics, waar ek leer hoe om meer ingewikkelde wortelkanale te behandel.

Tandheelkunde is ‘n opwindende en meer uiteenlopende veld as wat dit op die oog af lyk. Elke dag het sy uitdagings, maar nie tot op die punt waar jy hare op jou tande moet hê nie. Dit is tog ‘n baie bevredigende beroep. Dit is belangrik vir my om pasiënte gemaklik in die tandartsstoel te laat voel en hulle te vergeet van vorige slegte ervarings.

Die lewe is te kort om net te kou aan die een kant.






**Framesby wil baie dankie sê aan dr. Dané Cronje vir haar reuse aandeel om chirurgiese prosedure gratis vir een van ons leerders te doen. So laat sy die Framesby-fakkel hoog brand.**

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# OUDSKOLIERE BERIGTE:

Indien jy iemand vir die Oudskoliere-berig wil nomineer, kontak ons gerus : mediasentrum@framesby.co.za.

Ons wil graag berigte plaas van al ons oudskoliere, maar benodig hul selfoonnommer/e-pos om kontak te maak.

Dis altyd lekker om te hoor waar ons oudskoliere hulself vandag bevind sowel as om terug te kyk na almal se Framesby herinneringe.

# OUDSKOLIERE MEMORABELIA:

Ons wil graag memorabelia vir ons oudskoliere ontwerp en laat maak. Enige voorstelle kan na mediasentrum@-framesby.co.za ge-epos word.



SUNRIDGE VILLAGE 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- ○ SELFOONNOMMER:
- ○ E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**






# ONS BEDANK VIR:

Carike Grobler, nou Alberts, het teruggeploeg in Hoërskool Framesby deur vir ons leerders te help met 'n bydrae. Ons, as skool waardeer dit opreg. Besoek gerus Spec Savers in Baywest vir flink diens.

# KOSBLIK REKENING VORM

SKOLIER NAAM: ___________________________________

OUER NAAM: ______________________________________

EPOS:________________________________________________

SELFOON NOMMER:___________________________________

ALLE BETALINGS SAL OP DIE REKENING GELAAI WORD BINNE 24 UUR VANAF 1 AUGUSTUS.

STUUR ASB BEWYS VAN BETALING AAN INFO@DIEKOSBLIK.CO.ZA

KAART EN KONTANT BETALINGS IS WELKOM EN SAL DEUR DIE BESTUURDER AAN DIENS OP DIE REKENING GELAAI WORD.

REKENING SAL SLEGS OOPGEMAAK WORD NADAT DIE VORM VOLTOOI EN INGEHANDIG IS.

BANK INLIGTING:
DIE HOOFMEISIES
FNB CHEQUE
63 035 337 004
TAK 211 417

GROETE,
DIE HOOFMEISIES
071 856 5787

Die KOSBLIK
Hoërskool Framesby

Walmer
METHODIST CHURCH

# MORAL RESET '23, AUGUST 25-26

A YOUTH & YOUNG ADULTS CONFERENCE, HOSTED BY WALMER METHODIST CHURCH

Dear Parent

**Walmer Methodist is hosting a city-wide Youth and Young Adults Conference in August, and we want to personally invite your teenager to be a part of it!**

In the last 20 years, controlled sexual content has gone from being forbidden and restricted, to freely accessible. Through smartphones, social media and even Netflix, harmful sexual content has become an every day norm. What was once whispered in dark corners is now freely available on the internet and even in some public school curriculums. We need to equip our young people with the tools to respond to this hyper-sex culture.

As a parent, this is an opportunity for you to educate and empower your teenagers with answers to the questions they are asking - answers that are true, honest and relevant. An increasing number of young people are facing brokenness in this key area of their lives. This is why we have a passion to equip our generation with the tools they need to deal with this cultural crisis.

We have invited Andre Webster to come out as our guest speaker. Andre is a pastor, teacher and sexologist who has spent years teaching and helping people around this ever-changing cultural narrative. We have scheduled him not only for sessions with our teens, but also with our parents (find out more about the parents' session here).

**The conference will include various sessions and teachings on specific topics, covering everything from dating, relationships, sexual identity, pornography, masturbation, divorce, LBGTQ, addiction, healing, restoration and healthy living. The sessions also include factually based biological information on hormones and emotional health.**

We are extending this invitation to you in the hopes that together, we can better prepare our young people to deal with dating, relationships and sexuality.

Practically, this is how you can get involved:

SEND YOUR TEENAGER

COME TO OUR PARENTS' SESSION

Please feel free to reach out to us, if you have any questions.

We hope to see you there!

Kind regards
**Benjamin Friedemann & the Youth Department team**

**NOVEMBER EKSAMEN**
**GRAAD 12**
**24 OKTOBER 2023 – 4 DESEMBER 2023**

| DAG EN DATUM | OGGENDSESSIE 09:00 | MIDDAGSESSIE 14:00 |
|---|---|---|
| **WEEK 1** | | |
| Dinsdag 24 Oktober | RTT (CAT) V1 Prakties 3 h | |
| Woensdag 25 Oktober | IT V1 Prakties 3 h | |
| Maandag 30 Oktober | ENG HL P1 ENG FAL P1 2 h | |
| Dinsdag 31 Oktober | | |
| Woensdag 1 November | Afr. HT V1 2 h | |
| Donderdag 2 November | | IGO V1 3 h |
| Vrydag 3 November | Wisk. V1 WG V1 3 h | |
| **WEEK 2** | | |
| Maandag 6 November | Wisk. V2 WG V2 3 h | |
| Dinsdag 7 November | | |
| Woensdag 8 November | | IT V2 Teorie 3 h |
| Donderdag 9 November | | RTT (CAT) V2 Teorie 3 h |
| Vrydag 10 November | FW (Fisika) V1 3 h | BS V1 2 h |
| **WEEK 3** | | |
| Maandag 13 November | FW (Chemie) V2 3 h | BS V2 2 h |
| Dinsdag 14 November | Geografie V1 3 h | Dramatiese Kunste 3 h |
| Woensdag 15 November | Eng. HL P2 Eng. FAL P2 2½ h | IGO V2 3 h |
| Donderdag 16 November | Rekeningkunde V1 2 h | |
| Vrydag 17 November | LW V1 2½ h | Visuele Kunste 3 h |

| DAG EN DATUM | OGGENDSESSIE 09:00 | MIDDAGSESSIE 14:00 |
|---|---|---|
| **WEEK 4** | | |
| Maandag 20 November | LW V2 2½ h | |
| Dinsdag 21 November | | Geografie V2 3 h |
| Woensdag 22 November | | |
| Donderdag 23 November | Afr. HT V2 2½ h | Toerisme 3 h |
| Vrydag 24 November | Rekeningkunde V2 2 h | Landbouwetenskappe V1 2½ h |
| **WEEK 5** | | |
| Maandag 27 November | | Landbouwetenskappe V2 2½ h |
| Dinsdag 28 November | | |
| Woensdag 29 November | Eng. HL P3 3 h Eng. FAL P3 2½ h | |
| Donderdag 30 November | Verbruikerstudie 3 h | |
| Vrydag 1 Desember | Afr. HT V3 3 h | |
| **WEEK 6** | | |
| Maandag 4 Desember | Musiek V1 Teorie 3 h | Musiek V2 Begrip 1½ h |
| Dinsdag 5 Desember | | |
| Woensdag 6 Desember | RTT en IT Prakties 3 h (herskryf indien nodig) | |

**NOTAS:**

4 September: Lewensoriëntering (LO CAT) (2½ h) – Eksamen 09:00

**SEPTEMBER VOORBEREIDINGSEKSAMEN**
**GRAAD 12**
**24 AUGUSTUS 2023 – 22 SEPTEMBER 2023**

| DAG EN DATUM | OGGENDSESSIE 09:00 | MIDDAGSESSIE 14:00 |
|---|---|---|
| Donderdag 24 Augustus | RTT (CAT) V1 Prakties 3 h | |
| Vrydag 25 Augustus | IT V1 Prakties 3 h | |
| **WEEK 1** | | |
| Maandag 28 Augustus | BS V1 2 h | Dramatiese Kunste Prakties |
| Dinsdag 29 Augustus | LW V1 2½ h | Afr. HT V3 3 h |
| Woensdag 30 Augustus | | Landbouwetenskappe V1 2½ h |
| Donderdag 31 Augustus | | IT V2 Teorie 3 h |
| Vrydag 1 September | Geografie V1 3 h<br>Visuele Kunste V1 3 h<br>Musiek V1 3 h | Musiek V2 1½ h |
| **WEEK 2** | | |
| Maandag 4 September | LO (DBE) 2½ h | BS V2 2 h |
| Dinsdag 5 September | Eng. HL P2<br>Eng. FAL P2<br>2½ h | Landbouwetenskappe V2 2½ h |
| Woensdag 6 September | LW V2 2½ h | |
| Donderdag 7 September | Geografie V2 3 h | |
| Vrydag 8 September | Wisk. V1<br>WG V1<br>3 h | IGO V1 3 h |
| **WEEK 3** | | |
| Maandag 11 September | Wisk. V2<br>WG V2<br>3 h | RTT (CAT) V2 Teorie 3 h |
| Dinsdag 12 September | | Afr. HT V1 2 h |
| Woensdag 13 September | Rekeningkunde V1 2 h | Eng. HL P3 3 h<br>Eng. FAL P3 2½ h |
| Donderdag 14 September | | Afr. HT V2 2½ h |
| Vrydag 15 September | FW (Fisika) V1 3 h | Toerisme 3 h |

| DAG EN DATUM | OGGENDSESSIE 09:00 | MIDDAGSESSIE 14:00 |
|---|---|---|
| **WEEK 4** | | |
| Maandag 18 September | FW (Chemie) V2<br>3 h | |
| Dinsdag 19 September | Rekeningkunde V2<br>2 h<br>Dramatiese Kunste<br>3 h | |
| Woensdag 20 September | | IGO V2<br>3 h |
| Donderdag 21 September | Verbruikerstudie<br>3 h | |
| Vrydag 22 September | ENG HL P1<br>ENG FAL P1<br>2 h | |

**TOETSREEKSROOSTER 4-15 SEPTEMBER 2023 GRAAD 8 TOT 11**

| GRAAD | SESSIE | 4 SEPT. | 5 SEPT. | 6 SEPT. | 7 SEPT. | 8 SEPT. | 11 SEPT. | 12 SEPT. | 13 SEPT. | 14 SEPT. | 15 SEPT. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 8 | 1 | FW<br>55 MIN | AFR<br>1 H | GESK<br>1 H | DIG.<br>TEGN.<br>PRAKTIES<br>30 MIN | ENG HL<br>ENG FAL<br>1 H | WISK<br>1 H | DIG.<br>TEGN.<br>TEORIE<br>40 MIN | LW<br>35 MIN | EBW<br>1 H | |
| | 2 | | | | | LO<br>PRAKTIES<br>2H | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |
| 9 | 1 | ENG HL<br>ENG FAL<br>1 H | | WISK<br>1 H | EBW<br>1 H | LW<br>40 MIN | FW<br>65 MIN | AFR<br>1 H | | GEO<br>1 H | |
| | | | | | | | | | | LO<br>PRAKTIES<br>2H | |
| | | | | | | | | | | | |
| 10 | 1 | FW<br>2 H | WISK<br>75 MIN<br>WG<br>1 H | RTT<br>50 MIN | AFR<br>1 H | ENG FAL<br>1½ H | VBS<br>1 H | LW<br>TEORIE<br>50 MIN<br>PRAKTIES<br>30 MIN | BS<br>1½ H | GEO<br>1 H | REK<br>1½ H |
| | 2 | | KUNS<br>2 H | TOER<br>75 MIN | LANDB<br>1H 40 | IGO<br>2 H | | | | DRAMA<br>1 H | |
| | | | | | | | | | | | |
| 11 | 1 | REK<br>1½ H | LW<br>TEORIE<br>50 MIN<br>PRAKTIES<br>30 MIN | VBS<br>1 H | BS<br>1½ H<br>MUSIEK<br>2 H | LANDB<br>1 H 40 | WISK<br>75 MIN<br>WG<br>1 H | AFR<br>1 H | IGO<br>2½ H | FW<br>2 H | RTT<br>50 MIN |
| | 2 | GEO<br>1 H | | | | DRAMA<br>1 H | KUNS<br>2 H | TOER<br>75 MIN | | ENG FAL<br>1½ H | |

**NOTAS:**

- Praktiese vakke soos IT en RTT (CAT) doen hul praktiese/teorie toetse deur die loop van die kwartaal.
- Addisionele standaardtoetse in sekere vakke sal steeds in die loop van die kwartaal, soos voorgeskryf, geskryf word.
- In die meeste vakke word Take, Projekte, Opdragte, Navorsing, Mondeling, ensovoorts steeds vereis.

# PE Weight Loss Centre

- ☑ Electronic full body analysis
- ☑ Weight-related checkups & blood tests
- ☑ Variety of weight loss programmes
- ☑ Advice on exercise
- ☑ Weight loss injections
- ☑ Weight loss medication
- ☑ Food intolerance testing
- ☑ In-house dietician
- ☑ Monthly reviews with Dr Malherbe
- ☑ 'For Fitness Sake' meals

| NON-EMERGENCY — BY APPOINTMENT ONLY | |
|---|---|
| WHERE POSSIBLE, PLEASE BOOK YOUR APPOINTMENT ONLINE AT: **www.optilife.co.za** | CONSULTING TIMES: **MON — FRI : 08:00 - 17:00** **SATURDAY : 08:00 - 13:00** |

OptiLife medical health & wellness

Tel: 041 450 9454 | www.optilife.co.za

Shop 54 | Sunridge Village Shopping Centre | Kragga Kamma Rd | Sunridge Park

SUNRIDGE VILLAGE